

Magda Lombard

Die rol van die magistraat in *Toorberg* van Etienne van Heerden

Abstract

The novel *Toorberg* is situated in an atmosphere of mystery as some of the characters are dead people who occasionally come back to the farm where they spent their lives. The question arises as to what role the magistrate plays as a realistic representative of law and order in these surroundings (where the Moolmans have learnt to care for their own sins, according to OuAbel Moolman).

The answer to this question is to be found in the following:

- 1 The magistrate is very definitely an outsider, not only because he is a stranger in that area, but also because of his pathetic appearance. As an outsider he has an objective view of the characters, which is useful to his investigation.
- 2 Actually the magistrate has been sent to investigate the death of Druppeltjie du Pisani, but he fails to a report on the matter.
- 3 The magistrate is very conscious of his body and particularly of his short arm. This awareness of the body forms a contrast to some of the disembodied characters who roam the farm.
- 4 There are a number of facts which indicate that the magistrate is a reincarnation of De la Rey.
- 5 If the theory of reincarnation is accepted, the magistrate himself, reincarnated as De la Rey, is guilty of Druppeltjie's death, together with the man who fired the shot, according to the magistrate's own reasoning.

This *could* be a solution to the problem, but it *need* not be, as the mysteries of *Toorberg* do not require solutions.

1 Atmosfeer van misterie

Die roman, *Toorberg*, is gesitueer in 'n misterieuse ruimte. Die naam van die berg, *Toorberg*, dui alreeds op die bonatuurlike. Die mis op die kruin van die berg, die roep van die kolganse, die grot met sy doodsbeendere en die

aanwesigheid van die Slams dra by tot die atmosfeer van misterie. In dié geheimsinnige romanruimte is dit dus nie vreemd dat daar van die leser verwag word om gestorwe personasies saam met die lewendes as draers van die handeling te aanvaar nie. Dit is deel van die misterieuse toonaard van die roman dat gestorwenes soos De la Rey uit en “in die dood verdwaal” (11).*

2 Wetsgeleerde tussen dooies

Die vraag ontstaan nou hoe die magistraat as nugtere wetsgeleerde inpas in die romanwêreld waar die Moolmans en die Skaamfamilie saam met hul dooies leef en vir hul “eie sondes leer sorg” het (9), en wat die magistraat se eintlike funksie in die roman is.

3 Die magistraat as buitestaander

Voordat daar na die magistraat se funksie in die roman gekyk kan word, moet ’n mens eers daarop let dat in dié roman die magistraat as absolute universele buitestaander optree. Met sy aankoms blyk dit duidelik dat hy eenkant staan teenoor die mense van die streek en teenoor die universele mens. “Toe hy op die perron afklim, was daar reeds mense wat nuuskierig na hom gekyk het en nie oor sy stompie nie. Hy weet hoe *mense* (my kursivering – M.L.) kyk as hulle na sy afarm kyk. Nee, dis ’n ander blik waarmee hulle hom met sy aankoms getakseer het” (57). In die hotel is hy alleen. As hy soms in die kroeg gaan sit, “is daar ’n gedemptheid in die kroeg” (57) en niemand praat met hom nie. Die dorpsmense het talle onbeantwoorde vrae oor hom: “Hoe het hy sy arm verloor? *Van watter wêreld kom hy?* Hoe het hy sy geleerdheid gekry? Wat beoog hy met sy ondersoek op Toorberg? Wie, dink hy, het die misdaad gepleeg? En watter misdaad?” (58) (my kursivering – M.L.). Teenoor die Moolmans en die Skaamfamilie is die magistraat ook ’n totale en dikwels onwelkome buitestaander. OuAbel staan selfs uit die graf uit op om die magistraat met sy aankoms te beveel om terug te gaan en die Moolmans met rus te laat.

Wat sy voorkoms betref, is die magistraat ’n tipiese buitestaanderfiguur. OuAbel sê dat die magistraat “alte armsalig” (10) lyk. As Ella na hom kyk, krimp hy innerlik ineen, want hy weet sy uiterlike is onvleiend. Ella kyk na “sy geboë skouers, sy stompie met die punt wat ligroos gloei in die hitte, die sakkies onder die oë . . .” (80). Amy O’Leary sien die magistraat as “’n ouerige, moeë man met die ronde skouers en die stomp arm . . .” (93).

Vanuit die posisie as buitestaander het die magistraat ’n objektiewe en onbetrokke perspektief op al die lede van die uitgebreide Moolmanfamilie, soos dit ’n persoon pas wat ’n oordeel moet vel. Die buitestaanderskap is dus tog funksioneel.

*By aanhalings verwys bladsynommers tussen hakies na Van Heerden, E. 1986. *Toorberg*. Kaapstad: Tafelberg.

4 Die ondersoek van die magistraat

Die eintlike rol van die magistraat in die roman is dat hy ondersoek kom instel na die dood van Druppeltjie Dupisani. Hy kom veertien maande ná Druppeltjie se dood, nadat die saak wat reeds afgesluit was, heropen is. Sy doel is om te bepaal of daar 'n moord gepleeg is en indien wel, deur wie.

Kaatjie Danster verwoord die algemene gevoel van verbasing oor die onverwagte ondersoek as sy sê: “Almal weet tog als. Dis in die oopte. Dit was van die begin af so. In die oopte . . . Daar was baie getuies. Die hele familie was daar tesame. Dis in die oopte. Hoekom wil die regering nou weer kom krap in onse lewens?” (25) Die mense van die omgewing wil ook weet: “En watter misdaad?” (58 – Kyk hierbo).

Die ondersoek verloop planloos. Mense word na willekeur ondervra, maar Abel word vir laaste gebêre. Abel fnuik die magistraat as hy selfmoord pleeg voor hy ondervra kan word en so verloor die magistraat sy vernaamste getuie. Sy ondersoek stuit op die ondeurdringbare lojaliteit van die Moolmans – niemand is bereid om te sê wie die skoot afgevuur het wat Druppeltjie getref het nie. Aanvanklik is die magistraat vol moed oor die afloop van sy ondersoek: “Uiteindelik, het hy homself beloof, sal hy 'n uitspraak lewer waarin aanklag, getuienis en vonnis helderder is as die helderste boorgatwater” (9). Wat hy wel aan die einde rapporteer, is: “Geen verslag nie. Ek bly u 'n antwoord, tot my innige spyt, skuldig” (181). Sy ondersoek self ontrafel niks, maar sy teenwoordigheid in die roman is tog van belang.

5 Die magistraat as teenbeeld van die gestorwe personasies

Die magistraat word intens vleeslik verbeeld. Hy is behep met sy liggaam en liggaamlike gemak, soos blyk uit die oefeninge wat hy soggens voor die venster doen volgens 'n vaste patroon: sodra hy begin sweet, hou hy op en sodra sy hartklop weer normaal is, versorg hy sy arm. Die whiskydrinkery geskied ook volgens 'n vaste reëlmaat: hy drink saans twee sopies op die hotelstoep en nog twee in die kamer. Sy whiskyflessie laat hy soms volmaak om gedurende die volgende dag met hom saam te neem. Sy stomp arm (wat ironies kontrasteer met “die lang arm van die gereg”) is deurentyd ter sprake, soos ook die salf waarmee hy dit insmeer. Die pyn in sy arm, wat soms “ondraaglik” (67) is, herinner hom gedurig aan sy liggaamlikheid. Hierdie liggaamlikheid van die magistraat staan in kontras met die nie-liggaamlikheid van die dooie personasies van Toorberg.

Die skryf van briewe aan sy vrou en die gereelde opskeur en wegspoel van die opgeskeurde briewe is net so 'n vervulling van 'n behoefte as die oefeninge, die whisky, die sigare en die salf – hierdie behoefte is net geestelik, waar die ander liggaamlik is. Die magistraat se vrou is ook 'n nie-liggaamlike gestalte, maar anders as die personasies van Toorberg, word sy slegs deur die briewe van die magistraat opgeroep. Dit is aanvanklik nie duidelik of sy oorlede is of slegs 'n skim van die magistraat se verbeelding is nie. Teen die einde, in sy

laaste brief, skryf hy egter: “En ek, wat in adreslose briewe telkens soos ’n hond weer na jou reuke en *herinneringe* terugkeer . . .” (178). Dit blyk dus dat sy wel bestaan het, en ook dat die magistraat nie ’n volkome realis is nie.

6 Die magistraat se reïnkarnasie van De la Rey Moolman

Tussen die gestorwe De la Rey en die magistraat is daar opmerklike parallele: albei het ’n gebrek – De la Rey se een been is korter as die ander; die magistraat het ’n kort arm. As die magistraat ná Abel se verdwyning op die plaas aankom, dink Ella dat dit De la Rey is. Sy sê: “Vir ’n oomblik het ek gedink dis De la Rey, Abel se broer” (103). Dit blyk dat die magistraat korter is as Ella: “Sy is ’n duim of wat langer as hy” (103). Sy was ook langer as De la Rey: “Die mense het altyd gesê: As Ella nie ’n duim of drie langer as De la Rey was nie, sou sy hóm gevat het” (160).

Ella laat die magistraat in De la Rey se kamer slaap en hy dra De la Rey se kamerjas. As Ella die magistraat se naels met De la Rey se naelknipper knip, dink hy: “Dit is asof ek haar broer is en sy my liefdevolle suster” (135). (De la Rey was Ella se swaer.)

Toe Ella vir Abel bo hom verkies het, het De la Rey aan Ouma Olivier gesê: “*Ek sal terugkom*, Ma . . . vir Ella” (152) (my kursivering – M.L.). Die Slams sê aan Abel toe dié hom vra na die spore op sy werf waarvan die een dieper as die ander is, dus De la Rey se spore: “Die man wie se spore dit is, sal terugkom. *Hy sal miskien nie lyk soos jy hom onthou nie* . . . Hy gaan al om jou praat met almal behalwe met jou” (160) (my kursivering – M.L.). Die magistraat hét met almal behalwe Abel gepraat. Volgens die uitspraak van die Slams en in ag genome die ander ooreenkomste hierbo genoem, is die magistraat ’n reïnkarnasie van De la Rey. Dit is ook aanvaarbaar in die lig van die talle metafisiese personasies in die misterieuse ruimte van die roman. Die magistraat dink self aan reïnkarnasie. As hy by Ella staan, dink hy: “My lieue vrou, hier staan jy, gereïnkarneer, voor my” (178).

Dit is vreemd dat die honde nie aggressief is teenoor die magistraat nie, want “gewoonlik blaf hulle vir enige vreemdeling” (104) – nog ’n aanduiding dat die magistraat nie ’n vreemde op die werf is nie. Ella sê aan die magistraat: “U kalmte herinner my so aan De la Rey” (108).

In die lig hiervan en in die misterieuse wêreld van die roman kan seker aanvaar word dat De la Rey uit die dood teruggekeer het in die gedaante van die magistraat. As daar van die leser verwag word om die teenwoordigheid van dooie personasies te aanvaar, is die reïnkarnasieteorie ook nie te vergesog nie.

7 Wie het skuld aan Druppeltjie se dood?

Volgens die magistraat se redenasie het die persoon wat veroorsaak het dat Druppeltjie in die boorgat geval het, *saam met* die persoon wat die sneller

getrek het, skuld aan Druppeltjie se dood (97). Die Slams beweer dat dit De la Rey was wat Druppeltjie laat skrik en terugtree het, sodat hy in die boorgat afgeval het (139). Dan is die magistraat as reïnkarnasie van De la Rey mede-skuldige en is dit begryplik waarom die magistraat rapporteer: “Geen verslag nie. Ek bly u ’n antwoord, tot my innige spyt skuldig” (181). Die magistraat skryf aan sy vrou: “Vergewe my . . . dat dit verby is, dat ek die skuld nie wou deel nie” (178) (my kursivering M.L.).

Dit kán die oplossing van die vraag wees, maar dit hóéf nie, want raaisels wat onopgelos bly, pas in by die raaiselagtige toonaard van die roman. Die dooies, wat die antwoord op die vrae behoort te ken, keer terug na hul rus en net die kolganse bly roep “asof hulle nooit weer tot rus sal kom nie . . . Klaend kom hulle . . . verby en swaai weg na die wit mis wat oor Toorberg se kop stort” (186).

Bibliografie

- Brink, A.P. 1987. *Toorberg* stoot jonger prosa stewig voort. *Rapport*, 25 Januarie.
Cilliers, C. 1987. *Toorberg* is die ATKV-prys waardig. *Tegniek*, 19 Junie.
Pakendorf, G. 1986. ’n Indrukwekkende ambisieuse roman. *Die Burger*, 4 Desember.
Roos, H. 1987. Kil blik op sisteme. *Die Vaderland*, 16 Februarie.
Venter, L.S. 1986. Vertelvermoë in roman weerspieël. *Die Volksblad*, 20 Desember.

Universiteit Vista